## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

**Sondag:** Rose Engelbrecht, Haley Gouws, Naomi Hattingh, Elmarie Lategan, Stella Marais, Anna Stander.
**Maandag**: Jacques Victor.
**Dinsdag:** Petro Morkel, Ben Pieters, Jakkie Swanepoel, Heinrich Venter.
**Woensdag:** JoAnne Lewis, Annetjie Pretorius.
**Donderdag:** Daleen Fourie, Ralie Olivier, Pottie Potgieter, Elsa Vosloo
**Vrydag:** Mark Berry, Marie Coetzee, Megan Esterhuysen, Christie Fourie, Pierre Rossouw, Celesté Sullivan.
**Saterdag:** Francois Retief, Anru Vos.

**ARBEIDSBEDIENING** poog om die evangelie aan werkers en werknemers van besighede en fabrieke in die Helderbergkom te bring. Hulle het een keer 'n jaar 'n mark ter stuiwing van fondse waar vrugte, groente en ander ware verkoop word. As daar persone is wat hiedie werk wil ondersteun en bereid is om 'n koek, koekies of enige gebak, poedings en items vir 'n wit-olifantafel vir die mark in Januarie 2025 te skenk, kan hulle Cecile by 0740555062 skakel. Die mark is eers in Januarie maar hulle sal graag nou reeds wil weet wie bydraes kan maak. Baie dankie vir die ondersteuning.

---

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.


**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI


Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 8 DESEMBER 2024**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die **tweede Advent-Sondag** en die begin van die nuwe kerkjaar.

09:00: EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING: LUKAS 3:1-6
TEMA: KEER OM EN VOLG - DEUR JOU LEWE OM TE DRAAI, IS NUWE LEWE BESKIKBAAR.

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

"***VREDE*** laat Ek vir julle na, **my vrede** gee Ek aan julle"
- *van Jesus*

**Vandag se deuroffer:** **Alta du Toit Nasorg (Belville)**

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Inwoners en dagbesoekers se vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele versorgings- en ontwikkelingsprogramme. Die programme word bestuur deur 'n span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, fasiliteerders in werksareas, arbeidsterapeute, ens. insluit. Ons toegewyde beheerraad, personeel en vennote sorg dat AdTN vir inwoners en dagbesoekers 'n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en vakkundige ondersteuning word verseker dat ons kliënte holisties ontwikkel word, deur om te sien na hul fisiese, sosiale, emosionele en geestelike behoeftes. Alta du Toit Nasorgsentrum huisves 174 inwoners in vier koshuise en ontvang ook op weeksdae 32 dagsorg-kliënte in die werk- en terapeutiese areas. Ons inwoners bly by die Sentrum tot hul afsterwe en toenemende versorgingsbehoeftes vereis langtermyn finansiële ondersteuning. Die staat en families kan nie altyd voldoende finansiële verligting verseker nie. Dankie vir Gemeentes se aktiewe betrokkenheid en finansiële ondersteuning wat op 'n betekenisvolle wyse waarde toevoeg tot die lewe van 'n ander.

**Volgende week se deuroffer:** **Aanhouwen**

## Ds Samantha Chamberlain word bevestig as dominee

van ons gemeente op **Sondag 12 Januarie 2025**.

Dit is die Sondag voordat die skole heropen, en gemeentelede word versoek om nou reeds daardie datum in ons dagboeke aan te teken, sodat so veel as moontlik van ons hierdie spesiale diens sal kan bywoon. Sodoende sal sy gereed wees om die daaropvolgende Sondag al haar aandag te gee aan die begin van die jeug-aktiwiteite (kategese).

## Raak deel van die 2025 JEUG-BEDIENING!


Ons is baie opgewonde oor wat agter die skerms beplan word vir die Jeugbediening in 2025.
Kom raak deel hiervan asb! Laat weet die kerkkantoor of een van die leraars indien jy op 'n Sondag na die erediens kan help met Kategese. (Graad 4-7 groep, asook Graad 8-10 groep).
Lestemas en materiaal word voorsien.

## Toiletware vir getroue helpers in Sir Lowry's Pass

Elna Visagie vra vir die gemeente se hulp om hierdie Kersfees erkenning te gee aan ongeveer 22 helpers (7 mans, 15 dames) van Sir Lowry's Pass wat getrou deur die jaar bydra tot die voorsiening van kos aan skool-gaande kinders, veilige versorging van kinders na skool en verskeie ander hulp aksies aan die gemeenskap deur LIAS (Love In Action Sir Lowry's Pass).
Sy wil graag aan elkeen 'n sakkie met toiletware gee. Die volgende items word benodig - tandepasta, tandeborsel, handeroom/lyfroom, deodorant, seep, waslap, sjampoe, vaseline en miskien net 'n lekker-goedjie.
Bydraes kan by die Kerkkantoor ingehandig word, of na die erediens in 'n gemerkte houer wat in die voorportaal sal wees. Enige bydrae sal opreg waardeer word.
Kontak: Elna Visagie 079 275 7055 vir meer inligting.

**Kerskoekie-geskenke vir inwoners van versorgingsoorde**

Baie dankie aan elke persoon wat 'n bydrae tot hierdie projek gemaak het! Dankie ook aan die bereidwillige koekie-pakkers!




**TIENDEMAAND DANKOFFERS**

Mikpunt: R700 000
Reeds ontvang: R544 610

**Spesiale Dankoffer-insameling**

*Wees heeltyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het* (1 Tess 5:18 (Boodskap)).

Met ons dankoffer raak ons deel van ons gemeente se verbintenis om dissipels van Jesus te wees en Hom oral te verteenwoordig. Die gemeente se geld word aangewend vir: Jeugbediening; Versorging van bejaardes, eensames, siekes; Eredienste (o.a. klank– en uitsending-toerusting); Instandhouding van geboue; Gasvryheid; Vergoeding van personeel.

Baie dankie aan elkeen wat reeds hulle dankoffer gegee het. Dit is en bly 'n voorreg om ook op hierdie manier mekaar se hande te vat.

Jy kan jou dankoffer elektronies oorbetaal (NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA tjekrek; 2900590051; Verw: 10de Maand), in 'n koevert plaas en in dankoffer-houer laat of Snapscan.

## KERKRAADSVERKIESING

Die volgende lidmate is tydens die kerkraadsvergadering van 26 November 2024 verkies as kerkraadslede. **Hennie Briedenhann, Kathy Ehlers, Ertu Hattingh, Herman Pretorius, Lizette Terblanche.**
Hulle name word aan die gemeente genoem, sodat ons saam met hulle kan bid om die regte besluit te neem, en ook vir die goedkeuring van die gemeente. Twee weke later moet hulle dan antwoord of hulle die verkiesing aanvaar, al dan nie.